basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V1

## FEBRUARIE/MAART 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.**

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 C – openbare ✓✓
1.1.2 D – inkome ✓✓
1.1.3 C – vryswewend ✓✓
1.1.4 A – tendens lyn ✓✓
1.1.5 A – lewensverwagting ✓✓
1.1.6 B – interafhanklik ✓✓
1.1.7 D – dienste ✓✓
1.1.8 B – produksieprys ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 **PASITEMS**

1.2.1 D – ‘n klein aanvanklike styging in besteding lei tot ‘n proporsioneel groter toename in totale nasionale inkome ✓

1.2.2 G – langtermyn finansiele instrumente, byvoorbeeld verbande ✓

1.2.3 A – verwydering van onnodige wette, regulasies en regeringsbeheer wat met markte inmeng ✓

1.2.4 H – meet die afstand van ossillasie van n veranderlike vanaf die tendenslyn na die piek en trog ✓

1.2.5 F – druk ‘n land se uitvoerpryse ten opsigte van hul invoerpryse uit✓

1.2.6 E – inligting oor die grootte en struktuur van ‘n bevolking ✓

1.2.7 I – ‘n sleutelgroeisektor van die Geintegreerde Vervaardigingstrategie ✓

1.2.8 C – mense en hulle vaardighede wat vir produksie vereis word ✓
(8 x 1) (8)

1.3 **GEE EEN TERM**

1.3.1 Huishoudings / Verbruikers ✓
1.3.2 Saamgestelde aanwyser ✓
1.3.3 Betalingsbalans ✓
1.3.4 Niemerietegoedere ✓
1.3.5 Persoonlike inkomstebelasting / inkomstebelasting / belasting ✓
1.3.6 Nywerheidsontwikkeling / korridors / Ruimtelike Ontwikkelings-inisiatiewe / belasting insentiewe ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van lekkasies.**

- Belasting / T ✓
- Besparing / S ✓
- Invoerbesteding / M ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoekom behoort die openbare sektor aan die bestuur van die ekonomie deel te neem?**

Verseker die toepassing van toepaslike en betroubare ekonomiese beleide wat gelyke geleenthede vir elkeen verseker om die lewenstandaard te verhoog / verseker doeltreffende en effektiewe aanwending en verspreiding van hulpbronne in die ekonomie / beperk anhti-mededingende gedrag / verseker bereiking van makro-ekonomiese doelwitte ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Watter metode is in die berekening van die bruto binnelandse produk (BBP) hierbo gebruik?**

Produksiemetode / Toegevoegde waarde / BBP(P) ✓ (1)

2.2.2 **Watter jaar word tans as die basisjaar deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) gebruik?**

2010 ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term Bruto Nasionale Produk.**

Die waarde van alle finale goedere en dienste ✓ geproduseer deur die landsburgers ✓ in 'n sekere tydperk (2)

2.2.4 **Watter sektor se bydrae tot die BBP het sedert 2014 bestendig verhoog?**

Tersiêre sektor ✓✓ (2)

2.2.5 **Wat het tussen 2015 en 2016 gebeur met die waarde deur die primêre sektor toegevoeg? Motiveer jou antwoord.**

Die bydrae van die primêre sektor het <u>gedaal</u> ✓✓
Van R307 875 m in 2015 tot R291 143 m in 2016 ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante <u>motivering</u>) (2 x 2) (4)

## 2.3 DATARESPONS

**2.3.1 Identifiseer 'n trog in die sakesiklus hierbo.**

$T_1$ / $T_2$ / $T_3$ ✓ (1)

**2.3.2 Gedurende watter jaar was die eerste sakesiklus voltooi in die grafiek hierbo?**

2007 / 2001 – 2007 ✓ (1)

**2.3.3 Beskryf kortliks die term reële (werklike) sakesiklus.**

'n Reële sakesiklus kom voor as die uitwerking van ongereelde gebeure, seisoenaal en langtermyn groeitendense verwyder word uit die tydreeksdata ✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**2.3.4 Hoe kan die Suid-Afrikaanse owerheid staatsbesteding as fiskale maatreël gebruik om die ekonomie te stimuleer?**

Die owerheid kan ekonomiese aktiwiteit verhoog deur 'n styging in staatsbesteding ✓✓ (2)

**2.3.5 Hoe kon die Suid-Afrikaanse Reserwebank voorkom het dat die sakesiklus skerp na $T_3$ gedaal het?**

Toepassing van verskillende monetêre beleidsinstrumente soos:

- afwaartse aanpassing van die repokoers, wat tot laer rentekoerse sal lei ✓✓
- daling in kontantreserwevereistes om meer geld aan banke beskikbaar te stel vir lenings ✓✓
- aankope van sekuriteite in die opemark (opemarktransaksies)✓✓
- stabiliseer die wisselkoers ✓✓
- styging in die totale geldvoorraad ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Beskryf kortliks *ekonomieë van skaal (skaalbesparings)* en *keuse* as argumente ten gunste van vryhandel.**

*Ekonomieë van skaal:*


- Vryhandel maak dit moontlik vir nywerhede om ekonomieë van skaal te maksimeer, koste te verlaag en mededingend te raak in wêreldmarkte ✓✓
- Dit bevoordeel die wêreldekonomie deur arbeid effektief te versprei en ekonomiese doeltreffendheid te skep ✓✓
- Ekonomieë van skaal is 'n bron van vergelykende voordeel ✓✓
- Ekonomieë van skaal bevoordeel verbruikers omdat lae produksiekoste tot lae pryse lei ✓✓
- 'n Toename in wêreldhandel lei tot groter markte ✓✓ meer investering in die produksieprosesse en laer produksiekoste ✓✓ (2 x 2)

*Keuse:*

- Vryhandel gee verbruikers die keuse om aankope te doen dwarsoor die wêreld en nie net wat binnelands geproduseer word nie ✓✓
- Dit sal die welvaart van verbruikers verhoog omdat sommige verbruikers voorkeur verleen aan buitelandse goedere, eerder as plaaslik vervaardigde goedere ✓✓ (2 x 2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 4)
(‘n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite / voorbeelde) (8)

2.5 **Verduidelik, met behulp van 'n goed benoemde Laffer-kromme, die uitwerking van 'n belastingkoerstoename op staatsinkome.**




Uitwerking van belastingtoename op die staatsinkome:

- As die belastingkoers styg, sal belastinginkome styg ✓✓
- Waar die kromme piek (teen belastingkoers t) sal belasting aan die owerheid maksimeer ✓✓
- Teen belastingkoerse hoër as t, sal staatsinkomste daal omdat werkers weier om te werk of om hul inkomste te verklaar (belastingvermyding / -ontduiking) ✓✓ (Maks 4) (8)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem enige TWEE basiese dienste wat die lewenstandaard beïnvloed.**

- Elektrisiteit ✓
- Vuilgoedverwydering ✓
- Watervoorsiening ✓
- Sanitasie ✓
- Basiese onderwys ✓
- Basiese gesondheidsorg ✓
- Voeding / skoolvoedingskema ✓
- Behuising ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe kan KMMO's ekonomiese groei ondersteun?**

KMMO's kan ekonomiese groei ondersteun deur:
- verbeterde produksieprosesse ✓✓
- skepping van werksgeleenthede vir struktureel werklose mense ✓✓
- toenemende mededinging ✓✓
- meer geleenthede vir uitvoere ✓✓
- meer entrepreneursvaardighede wat sal lei tot hoër produksie en investering ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer in die uittreksel hierbo die internasionale instelling wat statistiek oor menslike ontwikkeling voorberei.**

Verenigde Nasies / VN ✓ (1)

3.2.2 **Noem EEN aanwyser in die uittreksel wat gebruik word in die meting van die lewenstandaard.**

- Bruto inkome per capita / BNI p.c. ✓
- Lewensverwagting ✓
- Onderwys ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks hoekom verstedeliking 'n ekonomiese aanwyser is.**

Verstedeliking is 'n **ekonomiese aanwyser** omdat dit aan besighede die beskikbaarheid van werkers, koopkrag en dienste wat hulle benodig aandui ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Beskryf kortliks hoekom verstedeliking 'n sosiale aanwyser is.**

Verstedeliking is 'n **sosiale aanwyser** wat aan die owerheid en ontwikkelaars uitwys dat grond vir 'n verskeidenheid doeleindes en dienste voorsien moet word bv. meer behuising ✓✓ (2)

3.2.5 **Hoe behoort groot onderwysongelykhede opgelos te word om die lewenstandaard van Suid-Afrikaners te verbeter?**

Die lewenstandaard kan verbeter word deur:

- behoorlike opleiding en vaardighede van skoolbestuur vir groter doeltreffendheid en effektiwiteit ✓✓
- daarstelling van 'n gesonde onderwysinfrastruktuur in die vorm van laboratoriums en biblioteke ✓✓
- opgradering van vaardighede van onderwysers ✓✓
- aan te dring op 'n gesonde onderwys- en leer atmosfeer ✓✓
- verbeterde korporatiewe befondsing en staatsubsidies ✓✓
- gratis tersiêre onderrig en geen-fooi skole ✓✓
- ander tale behoort erken te word as onderrigtaal ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

## 3.3 DATARESPONS

3.3.1 **Watter uitdaging moet Suid-Afrika teen 2030 aanspreek, volgens die uittreksel hierbo?**

Om armoede en ongelykheid te verlaag ✓ (1)

3.3.2 **In die uittreksel hierbo, identifiseer EEN manier waarop Suid-Afrika die uitdagings waarvoor dit te staan kom, kan minimaliseer.**

Verbeter onderwys ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term ekonomiese groei.**

'n Styging in die produktiewe kapasiteit / goedere en dienste van die ekonomie oor 'n sekere tydperk / styging in reele BBP ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Watter ekonomiese voordeel sal die implementering van die Nasionale Ontwikkelingsplan op die ekonomie van Suid-Afrika hê?**

- Verminder werkloosheid onder die jeug ✓✓
- Verskaf meer geleenthede aan jongmense ✓✓
- Verhoog die mededingingskapasiteit van die ekonomie ✓✓
- Verbeter die lewenstandaard van mense ✓✓
- Verhoog die pas van industrialisering ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

3.3.5 **Hoe kan armoede en ongelykheid in Suid-Afrika aangespreek word?**

Armoede en ongelykheid kan aangespreek word deur:
- verbetering van die doeltreffendheid en effektiwiteit in die verskaffing van dienste ✓✓
- regverdige verspreiding van hulpbronne ✓✓
- verbetering van onderrigstandaarde ✓✓
- skepping van werksgeleenthede in die land bv. UOWP ✓✓
- verskaf kontantvoordele bv. sosiale toelaes ✓✓
- bewusmakingsprogramme bv. gesinsbeplanning ✓✓
- verandering in arbeidswetgewing bv. SEB, gelyke indiensneming
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

3.4 **Beskryf kortliks die *repokoers* en *geldvoorraad* as ekonomiese aanwysers.**

*Repokoers:*
- dis die koers waarteen SARB lenings aan kommersiele banke verskaf ✓✓
- effektiewe gebruik van besluite geneem rakende die repokoers deur die Monetêre Beleidskomitee (MBK) ✓✓
- as die MBK die repokoers verlaag, sal banke dienooreenkomstig hul rentekoerse verlaag om verbruiksbesteding van verbruikers te verhoog ✓✓
- as die MBK die repokoers verhoog, sal banke hul rentekoerse verhoog wat 'n negatiewe effek of daling in die verbruiksbesteding van verbruikers tot gevolg sal hê ✓✓
- as rentekoerse verhoog, sal terugbetaling van skuld deur huishoudings en besighede styg ✓✓
- dit mag dui op 'n afswaai in sakebedrywighede wat die welsyn van verbruikers beïnvloed ✓✓ (2 x 2)

*Geldvoorraad:*
- die SARB fokus huidiglik op inflasieteikens eerder as geldvoorraad ✓✓
- die hoeveelheid geld bestaan uit M1: wat munte en note buite die monetêre sektor insluit en opvraagbare deposito's van die binnelandse privaatsektor met monetêre instellings ✓✓
- M2: gelyk aan M1 plus alle ander korttermyn en mediumtermyn deposito's van die binnelandse sektor by monetêre instellings ✓✓
- M3: gelyk aan M2 plus alle langtermyndeposito's van die binnelandse privaatsektor met monetêre instellings ✓✓ (2 x 2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir blote opnoem van feite/ voorbeelde) (2 x 4) (8)

3.5 **Hoekom is dit belangrik vir die owerheid om die prestasie van die ekonomie van tyd tot tyd te bepaal?**

Die owerheid moet die ekonomie beoordeel, om bevoordeel te word deur:

- gebruikmaking van ekonomiese aanwysers om die ekonomie van tyd tot tyd te kontroleer ✓✓ bv. BBP wat die optrede van een van die veranderlikes oor tyd toon ✓
- gebruikmaking van aanwysers vir uitset, geldelike belange, pryse ens. te alle tye te vergelyk en hulp te verleen in besluitnemingsprosesse ✓✓
- inagneming van enige veranderinge in hierdie aanwysers, wat besluite en beplanning raak om die ekoknomie te verbeter ✓✓
- vergelyking van soortgelyke syfers met ander lande, wat ons relatiewe prestasie aandui ✓✓
- bereiking van vernaamste makro-ekonomiese doelwitte bv. styging in reele BBP ✓✓
- verkryging van 'n beter begrip oor die doel en redes hoekom hulle bereken word ✓✓ bv. die VPI word bereken om prysstygings in verbruikersgoedere te toon wat dui op lewenskoste ✓✓
- verlening van bystand aan die sakegemeenskap, sodat hulle die gebruik van VPI verstaan in die opwaartse aanpassing van hul pryse ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/ voorbeelde) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 **Gee enige TWEE redes vir openbaresektor-mislukking**.

- Bestuursmislukking ✓
- Apatie ✓
- Gebrek aan motivering ✓
- Politici ✓
- Burokrate ✓
- Spesiale belangegroepe ✓
- Strukturele swakhede ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Watter uitwerking sal die instelling van 'n groen ekonomie op die nywerheidsontwikkelingsplan van Suid-Afrika hê?**

Nywerhede sal nou:

- fokus op vervanging van produkte wat meer omgewings-vriendelik is bv. papiersakke in stede van plastiek ✓✓
- ontwikkel nuwe tegnieke of toerusting om energie te spaar en steenkool en olie te vervang met groen energie hulpbronne soos wind of son, wat sal lei tot groter doeltreffendheid en minder afval ✓✓
- aanmoediging van herwinning van afval soos bottels, kannetjies en karton ✓✓
- drukgroepe soos Groenparty het nywerhede gedwing om bestuurders aan te moedig om die omgewing in ag te neem by besigheidsbesluite ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Wie lewer die begrotingstoespraak in die Parlement?**

Minister van Finansies ✓ (1)

4.2.2 **Identifiseer die soort begroting in die uittreksel hierbo.**

Minibegroting / Mediumtermynbegrotingsbeleidsverklaring / MTBR ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term begroting.**

'n Begroting is 'n dokument wat die verwagte inkomste ✓ en beraamde besteding toon ✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.2.4 **Wat is die belangrikste oogmerk met die heffing van 'n suikerbelasting?**

- Verhoog staatsinkomste ✓✓
- Ontmoedig mense om buitengewoon baie suiker te gebruik wat diabetes en hartsiektes veroorsaak ✓✓ (2)

4.2.5 **Verduidelik hoekom 'n styging in BTW 'n negatiewe uitwerking op die ekonomie sal hê.**

'n Styging in BTW sal:
- styging in pryse van 'n wye reeks produkte veroorsaak ✓✓ wat sal lei tot 'n styging in inflasie ✓✓
- die middelklas en arm mense benadeel ✓✓ verbruikbare inkomste verlaag – aankope sal daal – vraag sal verlaag – produkte sal daal – ekonomiese groei sal verlaag ✓✓
- ‘n Afname in vraag beinvloed produksie op ‘n negatiewe wyse ✓✓ en verlaag ekonomiese groei ✓✓ (2 x 2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **In die inligting hierbo, identifiseer 'n staatsdepartement wat die implementering van streeksontwikkelingsbeleidsrigtings dryf.**

Departement van Handel en Nywerheid / DHN ✓ (1)

4.3.2 **Watter korridor word deur ① in die kaart hierbo voorgestel?**

Maputo ontwikkelingskorridor ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term korridor.**

'n Ruimtelike gebied wat 'n sekere voordeel bied vir mynbou, vervaardiging, toerisme en ander besighede / ‘n deurgang wat twee gebiede verbind ✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.3.4 **Wat is die doelwit van die regering met die aanneming van streeksontwikkelingsbeleide?**

Bystand in die <u>bevordering van verspreiding van nywerhede</u>, om kapitaal en arbeid na <u>onder-ontwikkelde gebiede</u> te rig ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 **Hoe kan die instelling van spesiale ekonomiese sones (SES'e) die ekonomie van Suid-Afrika bevoordeel?**

SES'e kan die ekonomie bevoordeel deur:
- lok van <u>nuwe besighede</u> (belastingaansporings) / investering ✓✓
- bystand aan besighede te verleen wat <u>nuwe produklyne</u> ontwikkel en hul bedrywighede uitbrei ✓✓
- skepping van meer <u>werk</u> vir mense in hul eie omgewing ✓✓
- verhoging van <u>produktiwiteit</u> en ekonomiese groei ✓✓
- bevorder meer <u>effektiewe gebruik van hulpbronne</u> ✓✓
- fokus op beide <u>binnelandse produksie en uitvoere</u> ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

4.4 **Verduidelik veranderinge in vraag en rentekoerse as maatreëls om die betalingsbalans onewewigtigheid reg te stel.**

*Veranderinge in vraag:*

- Langtermynbeleide sluit uitvoerbevordering soos owerheidsaansporings in, wat aangewend word om produkte van goedere wat uitgevoer word, aanmoedig en beperk invoere ✓✓
- Invoervervanging kan toegepas word waar owerheidsaansporings die produksie van binnelandse goedere insluit, eerder as om dit in te voer ✓✓
- Bv. Europese owerhede betaal subsidies aan boere om 'n produktiewe voordeel oor ontwikkelende lande te verseker waar hierdie praktyk nie gevolg word nie ✓✓ (2 x 2)

*Rentekoerse:*

- Die binnelandse vraag op invoere sal daal as rentekoerse styg ✓✓
- hoër rentekoerse sal buitelandse investering trek na Suid-Afrika wat die betalingsbalans sal verbeter ✓✓ (2 x 2)

('n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/ voorbeelde) (2 x 4) (8)

4.5 **Hoe vergelyk Suid-Afrika se streeksontwikkelingsbeleide met internasionale maatstawwe ('benchmarks') ten opsigte van goeie staatsbeheer en vennootskappe?**

Suid-Afrika se prestasie rakende goeie staatsbeheer deur:

- effektiewe bestuur van streeksontwikking en vry van korrupsie / afdwing van demokratiese besluitneming, deursigtigheid, goeie finansiele bestuur en beheer ✓✓

Suid-Afrika het swak presteer a.g.v.:

- wanbestuur bv. SAA of Eskom ✓✓ / swak besluitneming bv. Vrede melkplaas in die Vrystaat ✓✓ (2 x 2)

Suid-Afrika se prestasie rakende vennootskappe deur:

- Reflektering van verskeie effektiewe ooreenkomste tussen sentrale owerheid, plaaslike owerhede, die gemeenskap, spesiale belangegroepe, NRO's en die privaatsektor ✓✓

Suid-Afrika het goed presteer deurdat:

- Pogings tot bevordering in die voordele van 'n meer gelyke streeksontwikkeling deur die gebruik van arbeid, ander natuurlike hulpbronne en infrastruktuur in agtergeblewe gebiede deur PPVe / Suid-Afrika het beleide ingestel om ekonomiese aktiwiteite in landelike en stedelike gebiede te stimuleer bv. NOS's, SES'e ✓✓ (2 x 2)

('n Maksimum van 2 punte kan toegeken vir vir blote opnoem van feite/ voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 4) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

- **Bespreek invoervervanging as deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid onder die volgende:**
  - **Metodes (13 punte)**
  - **Redes / voordele (13 punte)** **(26 punte)**
- **Beoordeel, met die hulp van 'n grafiek, die uitwerking van 'n toename in massaproduksie op internasionale handel.** **(10 punte)**

**INLEIDING**
As 'n land beleide instel om produkte wat voorheen ingevoer was, plaaslik te produseer, wat 'n uitbreiding of skep van vervaardigingsnywerhede sal vereis ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

**HOOFDEEL**

**METODES**
- Tariewe ✓ (ook bekend as doeaneregte of invoerregte) is belasting op ingevoerde goedere ✓✓
  - **Ad valorem** ✓
    as die persentasie van die waarde ✓✓ op luukse goedere soos motors, juweliersware en parfuum ✓
  - **Spesifiek** ✓
    is 'n bedrag per eenheid, massa of grootte bv. kos, diere en plante ✓✓
  - Die effek van die instel van 'n tarief op invoere, is verhoogde pryse vir binnelandse verbruikers en as geen vergelding volg nie, verskuif vraag van invoere na plaaslik vervaardigde produkte ✓✓
- **Kwotas** ✓
  - Is 'n beperking op die aanbod van 'n goed of diens ✓✓
  - Alhoewel kwotas ingestel kan word op uitvoere, is kwotas op invoere meer algemeen bv. 'n kwota op die beperking op die invoer van fietse, sê R10 000 per jaar of 'n waarde gelykstaande aan R10 000 ✓✓
  - Buitelandse besighede sal 'n afname in die hoeveelheid verkope ondervind, maar hulle mag bevoordeel word deur hoër pryse as die vraag na hul produkte onelasties is ✓✓
- **Subsidies** ✓
  - (vervoerkoste of indiensneming) vir binnelandse sakeondernemings wat goedere uitvoer, kan gebruik word op 'n indirekte manier om hulle te beskerm, bv. die subsidies betaal aan Europese boere ✓✓
  - Hierdie subsidies mag relatief hoë koste binnelandse ondernemings in staat stel om buitelandse besighede in die binnelandse mark uit te sny ✓✓
- **Lisensies** ✓
  - ‘n Lisensie word aan ‘n besigheid toegeken deur die owerheid en laat ‘n besigheid toe om ‘n sekere tipe produk na die land in te voer ✓✓
  - Dit skep ‘n beperking op mededinging en kan lei tot prysstygings ✓✓

- **Vrywillige uitvoerbeperkings** ✓
  - Dit kan lei tot prysstygings op nie-noodsaaklike invoerprodukte, terwyl plaaslike nywerhede beskerm word ✓✓
- **Wisselkoersbeheer** ✓
  - 'n Owerheid of 'n vryhandelgebied, mag streef na vermindering van invoere deur die hoeveelheid buitelandse valuta wat beskikbaar gestel word vir die invoer van goedere en dienste of besteding oorsee, te verminder ✓✓
  - Wisselkoersbeheer vereis dat alle buitelandse wisselkoersverdienste deur inwoners aan die sentrale bank oorhandig word ✓✓
  - Diesulkes wat buitelandse betalings moet maak, kan aansoek doen by die sentrale bank wat hulle rantsoeneer ✓✓
- **Fisiese beheer** ✓
  - Dit neem gewoonlik die vorm van 'n volkome verbod of embargo aan op die invoer van sekere goedere ✓✓
  - 'n Embargo is 'n verbod op die uitvoer of invoer van 'n produk en/of 'n verbod op handel met 'n sekere land bv. 'n land mag die uitvoer van wapentuig na 'n land met swak menseregte verbied ✓✓
  - Dit mag ook invoere soos dwelms verbied, en is geneig om handelsverhoudinge met 'n land tydens militêre konflik, te verbreek ✓✓
- **Handelsafwending** ✓
  - Sekere maatreëls is gerig daarop om invoere van goedere van die buiteland af te bemoeilik ✓✓
- **Invoerdeposito's** ✓
  - Die owerheid mag vereis dat invoerders 'n deposito gee voor hulle produkte mag invoer ✓✓
  - Tydrowende doeaneprosedures kan invoere ontmoedig ✓✓
  - Kwaliteitstandaarde gestel deur die staat, wat buitelandse sakeondernemings wat wil uitvoer, moeilik mag vind om aan te voldoen ✓✓ (Maks 13)

**REDES**

Ontwikkelende lande word versoek om invoervervangingsbeleide na te volg, om twee redes:

- **Diversifikasie** ✓
  - Ontwikkelende lande vind invoervervanging dikwels die maklikste manier om hul ekonomieë te diversifiseer ✓✓
  - Daar word geargumenteer dat hul nywerheidsbasis van hul ekonomieë versterk en uitgebrei moet word, en dat dit hul minder afhanklik van ander lande sal maak, en hul meer beheer oor hul eie ekonomieë gee ✓✓
  - 'n natuurlike beginpunt is invoervervanging, omdat daar 'n sekerheid is dat 'n binnelandse mark vir hul produkte bestaan ✓✓
  - Vervaardigers vestig hulle dikwels, wanneer hulle nog nie in staat is om mee te ding met invoere nie (kleuternywerheid argument ten gunste van beskerming)
  - Sulke nywerhede mag die potensiaal van vergelykende voordeel hê, en indien beskerm, in staat wees om uit grootskaalproduksie voordeel te trek wat hulle internasionaal mededingend maak ✓✓
  - Hulle mag uiteindelik meer onafhanklik van beskerming raak en in staat wees om uit te voer en hul skaal van funksionering verder uitbrei ✓✓


- **Handel** ✓
  - Ontwikkelende lande is afhanklik van hul natuurlike hulpbronne as 'n basis vir ekonomiese groei en ontwikkeling ✓✓
  - In baie gevalle, bestaan hul uitvoere uit primêre goedere soos minerale en landbouprodukte ✓✓
  - Die vraag na sulke goedere, veral landbouprodukte van ander lande, is redelik vas en onveranderlik ✓✓
  - Dit beteken dat hierdie goedere 'n lae inkomste en pryselastisiteit van die vraag het, sodat selfs aansienlike veranderinge in pryse en inkome geen aansienlike uitwerking op die vraag daarna sal hê nie ✓✓
  - Dit maak hulle nie geskik as 'n basis vir ekonomiese groei nie ✓✓

**VOORDELE**

- **Verhoogde indiensneming** ✓
  - Plaaslike werkers, eerder as buitelandse werkers, word in diens geneem om die goedere te produseer wat goedere uit die buiteland vervang ✓✓
  - Verhoogde indiensneming, daarteenoor, stimuleer die ekonomie en die BBP styg ✓✓
- **Meer keuses** ✓
  - Omdat goedere nie langer ingevoer word nie, maar plaaslik geproduseer word, sal die buitelandse valuta wat beskikbaar raak aangewend kan word vir ander invoere, wat die keuses vir verbruikers vergroot ✓✓
- **Diversifikasie** ✓
  - Die binnelandse ekonomie word meer gediversifiseer deur die produksie van 'n groter verskeidenheid goedere plaaslik, en 'n kleiner kwesbaarheid vir buitelandse aksies en toestande, soos prysverhogings van buitelandse goedere en finansiële skommelinge in die buitelandse markte ✓✓ **(**Maks 13)

('n Maksimum van 8 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/ voorbeelde)

**ADDISIONELE DEEL**



**PUNTETOEKENNING**

1. Korrekte vorm van kromme = 1 punt
2. Korrekte benoem van krommes = 1 punt
3. Aandui van 'n verandering in aanbodkromme = 1 punt
4. Korrekte trek en verandering in aanbodkromme = 1 punt
5. Verandering in hoeveelheid a.g.v. verandering in aanbodkromme = 2 punte

**TOTAAL = 6 PUNTE**

**Uitwerking van 'n toename in massaproduksie op internasionale handel:**

- 'n Styging in produksie as gevolg van massaproduksie kan lei tot 'n styging in die aanbodkromme in buitelandse markte ✓✓ 'n verskuiwing na regs van A na A1 ✓✓ (hierdie verduideliking kan ook gegee word sonder verwysing na die grafiek)
- 'n styging in uitvoere sal lei tot ‘n invloei van buitelandse valuta wat aanbodkromme na regs sal druk ✓✓
- Dit sal lei tot die appresiasie in die waarde van die rand ✓✓
- Skep meer indiensneming wat sal lei tot ‘n styging in vraag na buitelandse goedere wat dui op internasionale handel ✓✓ en lei tot toegang tot ‘n groter verskeidenheid goedere en dienste ✓✓
- Meeste vervaardigde produkte vereis grootskaal produksie wat bekostigbaar en winsgewend is ✓✓ (Maks 10)

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**SLOT**

Invoervervanging is 'n inwaarts-geleide strategie wat ten beste kan help met die beperking van invoere om binnelandse sakeondernemings die geleentheid te gee om hul besighede uit te brei en soortgelyke produkte te voorsien wat ekonomiese groei sal stimuleer ✓✓ Maks (2) **[40]**

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord)

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**

- **Bespreek die aanbodkantbenadering in die bevordering van groei en ontwikkeling in Suid-Afrika deur insluiting van:**
  - **Doeltreffendheid (13 punte)**
  - **Koste om sake te doen (13 punte) (26 punte)**
- **Hoe effektief was die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) om die ongelykhede in Suid-Afrika se verlede aan te spreek? (10 punte)**

**INLEIDING**
Aanbodkantbeleide fokus op aanbod en sy mikro-ekonomiese komponente soos mededinging en potensiële uitset in die verskaffing van goedere en dienste ✓✓
(Enige ander relevante inleiding) Maks (2)

**HOOFDEEL**

**1. <u>Die doeltreffendheid en effektiwiteit van markte</u>** ✓

**Doeltreffendheid**
- As 'n besigheid sy doelwitte van winsgewendheid en groei bereik, is 'n besigheid doeltreffend ✓✓
- Soortgelyk is nywerhede en markte ook doeltreffend as hulle hul doelwitte bereik het ✓✓
- In Suid-Afrika het die regering doelwitte vir markte ingestel deur wetgewing wat hulle verplig word om na te volg totdat hulle doeltreffend funksioneer ✓✓

**Effektiwiteit**
- Owerhede vereis dat markte funksioneer op 'n manier wat verseker dat meer swart mense opgeneem word in die hoofstroom ekonomie omdat hulle voorheen uitgesluit was ✓✓
- Twee wette is uitgevaardig om voorkeur aan swart werkers en hul besighede af te dwing ✓✓
  - Die Wet op Gelyke Indiensneming ✓ verbied diskriminasie en vereis dat die werksmag die rasse- en geslagsprofiel van die bevolking weerspieël ✓✓
  - Besighede moet 'n plan van gelyke indiensneming by die Departement van Arbeid indien, en inspekteurs van die departement besoek die sakepersele om te verseker dat hieraan voldoen word ✓✓
- Breëbasis Swart Ekonomiese bemagtiging ✓
  - Hierdie wet verskaf die regsbasis vir transformasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie ✓✓
  - Dit vereis die herstel sodat die aantal swart mense wat besighede besig, bestuur en beheer in die land ✓✓ aansienlik kan toeneem en inkome-ongelykhede aansienlik afneem ✓✓
  - Doeltreffendheid – Pareto doeltreffendheid beteken dat dit nie moontlik is om die toeken van hulpbronne te verander op so 'n wyse dat iemand beter daaraan toe is sonder om iemand anders daardeur te skaad nie ✓✓

- Dit sluit produktiewe- en toedelingsdoeltreffendheid in ✓✓
  - **Mededinging** ✓ het toegeneem op die volgende wyse in die markte: deur stigting van nuwe besighede en werwing van BDI ✓✓ en die verlaging van invoerbeperkings ✓✓ wat mededinging van buite af verhoog ✓✓
  - Bykomend is 'n mededingings-reguleringsnetwerk geskep wat mededingingspraktyke tussen binnelandse besighede afdwing (die Mededingingswet 1998), Mededingingstribunaal, Mededingingsappélhof ✓✓ en ten spyte hiervan, toon die Globale Mededingingsindeks dat Suid-Afrika se mededingendheid daal ✓✓
  - **Deregulering** ✓ privaatsektor se magsbalans wat die vrye werking van markte belemmer, is hersien en sommiges afgeskaf sedert die 1990's ✓✓
  - **Privatisering** ✓ doeltreffendheid word verbeter in terme van kwaliteit van dienslewering en gelewerde produkte ✓✓
- Die owerheid behou sy verbintenis om die gemak waarmee sake gedoen word in Suid-Afrika te verbeter ✓✓
- <u>Wisselkoersmaatreëls</u> word somtyds verslap maar nie afgeskaf nie teen 2012 ✓✓
- Ten spyte hiervan, toon die Doen Besigheid-indeks, dat Suid-Afrika se gemak om sake te doen, 'n daling ✓✓

**2. <u>Sakedoeltreffendheid</u>** ✓

Sommige maatreëls doen aan aansporings om die moeite, doeltreffendheid en groter winsgewendheid te verhoog ✓✓

- **Belastings** ✓
  - Die land se korporatiewe inkomstebelasting is 28% en klein besighede betaal 'n laer koers solank hul inkome minder as R350 000 per jaar is terwyl mikro-besighede se omset R750 000 is ✓✓
  - Individuele inkomstebelasting begin by 18% en styg op 'n glyskaal tot 40% ✓✓
  - Die uitwerking van blokkruiping op persoonlike inkomstebelasting geniet aandag aangesien elke begroting aanpassings maak in inkomsteblokke ✓✓
- **Kapitaalvorming** ✓
  - Die depresiasie van kapitaalgoedere gebruik deur besighede is ontwerp om belegging aan te moedig bv. die aankoop van nuwe masjinerie mag depresieer oor vier jaar, 40% in die eerste jaar en rekenaars en elektroniese toerusting oor drie jaar ✓✓
  - Die owerheid, deur die DHN en die NOK, verskaf kapitaal en lenings aan KMMO's en groter besighede ✓✓
  - Dit dien as aansporings om doeltreffendheid te verhoog ✓✓
- **Menslike hulpbronne** ✓
  - Onderwys ontvang proporsioneel die grootste deel van die begrotingsbesteding ✓✓
  - Sektorale Onderwys en Opleiding Owerhede (SETAS) fasiliteer naskool, werkverwante opleiding en al hierdie maatreëls is gerig op groter doeltreffendheid ✓✓
- **Gratis adviesdienste** ✓
  - Voorbeelde sluit die ontwikkeling van uitvoermarkte, bestuur en beheer van KMMOs, landbouproduksie, weervoorspellings, en voorkoming en genesing van siektes by diere ✓✓ (Maks 13)

**3. <u>Koste om sake te doen</u>** ✓

In Suid-Afrika beheer die owerheid meeste fisiese infrastruktuur komponente ✓✓ die beskikbaarheid, betroubaarheid en koste van infrastruktuur dienste speel 'n belangrike rol in die finansiële haalbaarheid en winsgewendheid van besighede ✓✓

- **Vervoerkoste** ✓
  - Vervoer moontlikhede in die vorm van lug, pad, spoor en seevervoer ✓✓
  - Owerheid beheer lug- en spoorvervoer in Suid-Afrika ✓✓
  - 'n Aansienlike deel van vrag en passasiervervoer deur pad ✓✓
  - Slegs 'n betroubare spoorvervoerdiens wat goedkoper as padvervoer is, sal dit omkeer ✓✓
  - Vervoerkoste in Suid-Afrika en tussen Suid-Afrika en sy uitvoerbestemmings is duur a.g.v. die lang afstande betrokke ✓✓
  - Die owerheid het homself verbind tot die verbetering van 'n doeltreffende en betroubare spoorvervoerdiens wat meer bekostigbaar is ✓✓
- **Kommunikasiekoste** ✓
  - Kommunikasie moontlikhede is kabel, sinjaal en pos ✓✓
  - Die owerheid beheer die kabel (land en vas) en poskommunikasiedienste ✓✓
  - Kabelkommunikasie in Suid-Afrika is die duurste in die wêreld maar redelik doeltreffend ✓✓
  - Die hoë koste maak IT-dienste vir besighede en indiwidue duur en beïnvloed wêreldwye mededingendheid ✓✓
- **Energiekoste** ✓
  - Die twee vernaamste vorme van energie in Suid-Afrika is elektrisiteit en vloeibare brandstof ✓✓
  - Eskom is 'n monopolie as elektrisiteitsverskaffer ✓✓
  - Oor die afgelope jare het sy koerse aansienlik gestyg en by tye was hy nie in staat om aan die vraag na elektrisiteit te voldoen nie wat die doeltreffendheid van die ekonomie ondermyn het ✓✓
  - Die owerheid kondig aansienlike beleggings aan in nuwe elektrisiteit kapasiteit onlangs ✓✓
  - Die owerheid reguleer petrol en paraffien pryse ✓✓
  - Pryse van ingevoerde ru-olie is gekoppel aan internasionale markpryse wat hoog is ✓✓
  - Hoë vloeistof energiepryse ondermyn die doeltreffendheid van die ekonomie ✓✓

('n Maksimum van 8 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 13)

**ADDISIONELE DEEL**

Die HOP was suksesvol deur:

- instelling van arbeidsintensiewe publieke werksprogramme ✓✓
- bystand in die verlaging van armoede en verskaffing van werk ✓✓
- verskaffing van 'n maatskaplik-ekonomiese beleidsraamwerk wat as 'n goue draad loop in elke staatsplan ✓✓
- bystand in die ontwikkeling van menslike hulpbronne wat die ekonomie die meeste benodig vir ontwikkeling ✓✓
- bystand in groter infrastruktuur-ontwikkeling ✓✓
- bevordering in die implementering van grondhervorming ✓✓
- hulp in die verskaffing van huise, water, elektrisiteit en primêre gesondheidsorg ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
  (**<u>Aanvaar die negatiewe siening</u>**) (Maks 10)

**SLOT**

Die aanbodkantbeleid benadering kan gebruik word om kwaliteit en kwantiteit gebruik van produksiefaktore tot voordeel van die ekonomie aan te moedig ✓✓ (Maks 2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

Kopiereg voorbehou